

Jesus se broers – Francois Malan

Wessel vra

Goeie dag. Ek erken dat my Bybel kennis nie goed is. Julle skrywe verduidelik vrae baie mooi en dit is hoekom ek hulp vra met die volgende.

In die Bybel soos in Johannes 19:26 word daar gepraat van die dissipel wat Jesus liefhad het maar sonder naam. Is dit nie "James", sy broer? Hy het ook gepreek oor Jesus en so ver ek weet is hy ook van n muur afgegooi en gestenig vir sy preeke.

Word hy en Jesus se ander broers en susters nie opsetlik nie baie oor gepraat omdat toe die boeke van die Bybel bymekaar gesit is, die belangriekheid van Jesus se famielie nie wou beklemtoon word nie?

Baie dankie by voorbaat.

Antwoord

Prof

Francois Malan antwoord:

1 Die dissipel vir wie Jesus liefgehad het .

In hoofstukke 1-12 van die Evangelie volgens Johannes, word na Johannes en Jakobus, die seuns van Sebedeus verwys as dissipels van Jesus. Van hoofstuk 13-21 word na 'die dissipel vir wie Jesus liefgehad het', verwys in 13:23-26; 19:25-27; 20:1-10; 21:1-14,20-24. In 18:15-16 word verwys na 'die ander dissipel.'

Die vroeë kerk het 'die dissipel vir wie Jesus liefgehad het,' beskou as dieselfde persoon as Johannes, die seun van Sebedeus. Daar is egter in die loop van die geskiedenis van die kerk baie vrae of dit dieselfde persoon is. Maar **niemand weet vir seker** wie 'die dissipel vir wie Jesus liefgehad het' was nie en waarom dit nie in die Evangelie uitgespel is nie. Waarom begin die skrywer van die Evangelie homself van hoofstuk 13 af 'die dissipel vir wie Jesus liefgehad het' noem en in die eerste twaalf hoofstukke net Johannes?

Die 'ander dissipel' van Joh 18:15-16 wat bekend was by die hoëpriester in Jerusalem, kon seker nie die visserman Johannes, seun van Sebedeus van Joh 21:2 wees nie (vgl. Matt 4:21 en Lukas 5:10).

2 Jakobus

Die Jakobus waarna jy verwys was nie die dissipel Jakobus, die seun van Sebedeus nie. Dié broer van die dissipel Johannes is volgens Handeling 12:1-2 deur Herodes Agrippa I met 'n swaard laat doodmaak.

Johannes en Jakobus was broers, seuns van Sebedeus en ook ongeletterde vissers (Mark 1:19-20; Hand 4:13). Hulle was neefs van Jesus. Markus 6:3 noem die ander kinders van Maria. Johannes en Jakobus se ma, Salome, was Maria se suster as jy die volgende twee tekste vergelyk: Mark 15:40 sê Salome het by die kruis gestaan, en Joh 15:25 sê: Jesus se moeder se suster het by die kruis gestaan. Jesus het die twee seuns Boanerges genoem, seuns van die donder (Mark 3:7; vgl Luk 9:54). Jakobus, die broer van Johannes was die eerste apostelmartelaar (Hand 12:2).

Jakobus die broer van Jesus, word in Markus 6:3 genoem as een van Jesus se broers. Die broers van Jesus het eers nie in Jesus geglo nie (Joh 7:5), maar na Jesus se hemelvaart vertel Handeling 1:14 dat hulle saam met Maria en die apostels volhard het in gebed.

Jakobus, die broer van Jesus, word die

leier van die gemeente in Jerusalem nadat die apostels uit die stad moes padgee weens die vervolging teen hulle (Hand 12:1-3,17). Paulus noem hom eerste as een van die pilare van die kerk saam met Sefas en Johannes (Gal 2:9), as leier van die gemeente in Jerusalem (vgl. Gal 2:12) en dat Jesus na sy opstanding aan Jakobus verskyn het (1 Kor 15:7). By die Jerusalemvergadering van apostels en ouderlinge het Jakobus die laaste woord gehad en die besluit van die vergadering geformuleer (Hand 15:13-21). Met Paulus se terugkoms in Jerusalem na sy derde sendingreis kom doen hy verslag aan Jakobus en die ouderlinge (Hand 21:18). Jakobus skryf ook die brief van Jakobus in die Nuwe Testament. Hy rig die brief aan die twaalf stamme in die verstrooiing, die gelowige Jode wat buite Palestina woon. Hy noem homself 'n dienskneg van God en die Here Jesus Christus (Jak 1:1). Eusebius skryf dat Hegisippus vertel het dat die priesters hom van die toring van die tempel afgegooi het, dat hy vir hulle gebid het en dat hulle hom met klippe gegooi het en een hom met 'n knuppel oor die kop doodgeslaan het omdat hy van die toring af verkondig het dat Jesus aan die regterhand van God sit en weer met die wolke sal kom (vgl. Luk 22:69; 21:27). Hy is toe, volgens die tradisie, op die tempelterrein begrawe.

'n Ander broer van Jesus was Judas (Mark 6:3), wat die brief van Judas begin met 'Judas, dienskneg van Jesus Christus en

broer van Jakobus (Judas 1:1). Hierdie Judas moet nie verwar word met Judas Iskariot wat vir Jesus verrai het nie.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Die Heilige Gees, Jesus, en gebed – Hermie van Zyl

Is dit die Heilige Gees wat met ons praat in drome, en vir ons gesigte – en vrede – gee? Mag ek direk met die Heilige Gees praat en vir hom iets vra, byvoorbeeld, om my gedagtes te vernuwe, ensovoorts? Wanneer ek bid, bid ek tot God alleen of kan ek tot / deur Jesus ook bid?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Die vraag handel onder andere oor wie ons moet aanspreek in ons gebede.

Normaalweg sê ons
dat ons *tot* God die Vader bid, *deur* Jesus, en *in* (die krag
van) die
Heilige Gees. Christus is die Middelaar tussen ons en God
(Hebreërs 7:25;
9:24), daarom bid ons *deur* Jesus tot
God (Johannes 15:16; 16:23). En die Heilige Gees is God se
“Vertaler”:
Die Gees weet wat die diepste bedoeling van ons hart is en
“vertaal”
dan ons stamelende woorde sodat die Vader sal verstaan, by
wyse van spreke.
Dink hier aan ‘n teks soos Romeine 8:26-27, waar staan dat ons
nie mooi weet
wat om te bid nie, maar dat die Gees ons in ons swakheid
bystaan en dat Hy
volgens God se wil vir ons by God intree. Daar is dus ‘n
innige band tussen die
Persone van die Goddelike Drie-eenheid om ons swakke gebede so
te verstaan en
so te verhoor dat dit volgens God se wil én tot ons voordeel
en geloofsgroei is.
So verkry ons die “maksimum voordeel” uit ons gebede, ten
spyte
daarvan dat ons nie eens altyd mooi weet wat en hoe om te bid
nie. (Selfs die
dissipels het “gesukkel” met gebed; daarom vra hulle op ‘n
keer vir
Jesus: “Here, leer ons bid ...”, Lukas 11:1.) Ons hoef ons dus
nie
daaroor te bekommer dat ons gebede nie “reg” sal klink vir God
nie;
Hy is die Een wat ons gebede reg verstaan en reg beantwoord.
Daarvoor sorg Hy
as Vader, as Seun en as Heilige Gees. Wat ‘n wonderlike
gedagte. Ons hoef nie “diep
gedagtes” uit te dink en dit in mooi woorde te klee nie. Die

spreekwoord

sê mos: 'n Goeie begrip het 'n halwe woord nodig. En God het 'n baie goeie begrip, as ons dit so menslik kan stel. Hy weet wat ons nodig het, nog voordat ons vra (Matteus 6:7-8). Ons het nie 'n stortvloed van woorde nodig om Hom te oortuig nie. Ons hoef ook nie vroom te klink of allerlei geleerde woorde te gebruik nie. Die Heilige Gees het al klaar ons diepste begeertes en bedoeling opgevang en dit deur Christus aan die Vaderhart bekendgemaak. Al wat God eintlik maar net wil hê, is dat ons Hom in kinderlike vertrou sal nader; Hy sal verstaan, meer as wat ons onself verstaan. Inderdaad, "bo verwagting, bo gebede, skenk Hy ons sy vrede", soos 'n sekere kerklied lui.

Bogenoemde is wat

ons die Goddelike ekonomie kan noem as dit by gebed kom. Al Drie die Persone van die Goddelike Drie-eenheid is werksaam wanneer ons bid, elkeen op sy eie manier. Maar dit beteken nie dat ons nie ook tot slegs een van die Persone in die Goddelike Drie-eenheid kan bid nie. Ons gebede hoef nie altyd die geykte patroon te volg van bid *tot* God die Vader, *deur* die Seun, *in die krag* van die Gees nie. Hoewel die meeste gebede in die Bybel tot God (die Vader) gerig word, is daar gevalle waar die *Seun* ook aanbid word. So lees ons in Johannes 14:13-14 dat ons tot Christus in sy Naam kan bid. Dit klink vreemd om tot iemand te bid in sy eie

naam, maar die bedoeling is waarskynlik hier om die innige band tussen gelowige en Christus tot uitdrukking te bring. Wie in die Seun glo, leef in volle lewensgemeenskap met Hom en praat daarom vanselfsprekend met Hom en noem Hom by die Naam. Verder, wie glo in Christus tree toe tot die kragveld van die Vader en die Seun (Johannes 14:10-12), en verkry dan in die Naam van die Seun toegang tot die gesprek tussen die Seun en die Vader. Hierdie gedagte kom ook voor in Matteus 18:20, waar staan dat as twee of drie in die Naam van Christus vergader (d w s, met aanroeping van sy Naam), Christus in hulle midde is. En so kom die innige band tussen Seun en Vader ook na vore, want vers 19 sê dat die Vader die gelowiges se versoek sal toestaan; basies dieselfde gedagte as by Johannes 14:13-14. Hierdie innige eenheid tussen gelowige, Vader en Seun maak dat ons gebede ook nie verval in allerlei trivialiteite nie, maar beweeg binne die wil van God. Want dan word dit gebede wat gerig is op die Christelike lewe en die voortsetting van Christus se werk op aarde, waardeur die Vader verheerlik word. Ook Paulus ken die aanroep van Christus se Naam. In 1 Korintiërs 1:2 praat hy van die gelowiges in Korinte wat die Naam van Jesus Christus aanroep. Dit het waarskynlik as agtergrond Psalm 116:4 waar die Naam van die Here aangeroop word. Daar is dit natuurlik die Here God van die Ou Testament (OT) wat aangeroop word, maar in 1 Korintiërs 1:2 word dit toegepas op

Jesus Christus.

Dus, net soos wat Gód in die OT aangeroep is (in die gebed), so word Jésus die Here nou in die NT aangeroep.

Hierdie gegewens

is genoegsame aanduidings vanuit die NT dat ons met vrymoedigheid tot Jesus, die Seun, kan en mag bid.

Hoe staan dit met

die *Heilige Gees*? Daar is nie spesifieke tekste in die Bybel wat sê dat mense pertinent tot die Gees gebid het nie. Maar

soos bo reeds genoem, is die Gees as die derde Persoon in die Goddelike

Drie-eenheid volledig God en net so 'n Persoon as die Vader en die Seun. Hy is

nie bloot 'n onpersoonlike krag wat van God uitgaan nie. Daarom word aan Hom

ook eienskappe toegeskryf wat tipies net by 'n Persoon hoort. So word Hy in die

NT die Trooster of Voorspraak genoem wat oor die Seun getuig (Johannes 15:26); daar

word verder gesê dat Hy alle dinge deursoek (1 Korintiërs 2:10), dat Hy

besluite neem (Handelinge 15:28), dat Hy hoor en verkondig (Johannes 16:13),

onderrig en herinner (Johannes 14:26), bid (vir ons intree, Romeine 8:27), en selfs

dat ons Hom kan bedroef (Efesiërs 4:30). Dit is dus volkome geregverdig om tot

die Gees te bid en Hom te vra om jou lewe voortdurend te vernuwe ooreenkomstig

God se wil. Een van die oudste belydenisse in die kerk, die

belydenis van Nicea

(325 nC), sê dan ook dat die Gees van die Vader en die Seun uitgaan en saam met

die Vader en Seun aanbid en verheerlik moet word. 'n Baie ou gebed en kerklied

uit die 9e eeu lui byvoorbeeld: *Veni,*

Creator Spiritus ("Kom, o Skepper Gees"); hierdie gebed/lied roep

die Gees aan as die Een wat nuwe lewe aan die kerk sal gee.

Geen wonder nie dat

baie kerkliedere vandag ook direk tot die Gees gerig word. Ek

haal maar een van

talle aan:

Gees van God wat in my woon,

breek die Woord vir my.

Gees van God wat in my woon,

kom en heilig my.

Troos my, sterk my, leer my, lei my.

Gees van God, kom heilig my,

breek die Woord vir my.

Wat die Heilige Gees en drome en gesigte betref – dis 'n

onderwerp op sy eie. Ek het reeds by 'n vorige geleentheid volledig hieroor geskryf. Dit kan gevind word op ons webblad – bybelkennis.co.za. By “Soek Fasiliteit”, sleutel in: “Drome – Hermie van Zyl”, en die betrokke artikel sal dan verskyn. As daar dan nog vrae is, sal ek graag verder probeer antwoord.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)

Jesus se Doop – Francois Malan

Francois vra:

Waarom

moes Jesus gedoop word en waarom het Hy toe eers die Heilige Gees ontvang ? As drieenige God was die Heilige Gees mos reeds “by” Jesus gewees.

Antwoord

Prof

Francois Malan antwoord:

Johannes

die Doper het dieselfde vraag gehad. Matteus 3:14-15: Maar Johannes het Hom probeer teengaan met die woorde: 'Ek behoort deur U gedoop te word, en U kom na my toe?' Jesus het hom geantwoord: 'Laat dit nou toe, want dit is goed dat ons op hierdie manier alle geregtigheid vervul.'

'Laat dit *nou* toe,' nou terwyl Ek praat. 'Dit is goed' – gepas en reg. Die woord 'geregtigheid' beteken om reg te doen volgens wat God vereis. Johannes het mense gedoop en 'n doop van bekering met die oog op die vergewing van sondes verkondig (Markus 1:4). Maar Hebreërs 4:14-15 sê ons Hoëpriester, Jesus, die Seun van God...is nie 'n Hoëpriester wat nie medelye met ons swakhede kan hê nie, maar Een wat, soos ons, in alle opsigte versoek is, en dit sonder dat Hy gesondig het. En 2 Korinthiërs 5:21 sê: 'Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God sonde gemaak ter wille van ons sonde, sodat ons in Hom (Jesus) voor God geregverdig kon word.' Deurdat Jesus met sy doop Hom **met die mensdom vereenselwig het en al ons sonde op Hom geneem het**, sodat ons geregverdig voor God kan lewe en sterwe, word *alle* geregtigheid voor God met sy doop vervul. Daarom was sy doop deur sy voorloper Johannes die Doper op daardie oomblik goed, gepas en reg, want Hy het juis gekom om ons van ons sonde te verlos.

Jesus se salwing met die Heilige Gees direk na sy doop verbind sy

salwing met sy doop
as sy **inhuldiging** in sy taak as die Knecht van die
Here wat as ons Hoëpriester en as die Lam van God wat die
sonde van die wêreld
wegneem, moes kom sterf volgens die verlossingsplan van God
(Joh 1:29). Hy word
ook ingehuldig as die Seun van koning Dawid (Mattheus 1:1),
wat oor die mensdom
kom regeer as die nederige Goeie Herder-Koning (Johannes
10:11; 18:37).

Van
die toekomstige Dawid sê die Here in Jesaja 42:1 'Hier is my
Dienaar, Ek stel
hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat my
Gees op hom kom,
hy sal my wil aan die nasies bekend maak.' Die woorde word in
Mattheus 3:17
aangehaal, en in die aanhaling in Mattheus 12:18. Van die
salwing van die Seun
van Dawid deur die Gees word in Jesaja 11:2 gepraat. Jesaja
61:1-2 praat van
die nuwe tyd van die Gees van die Here wat oor hom sal kom om
'n blye boodskap
(evangelie) te bring. In Lukas 4:16-19 lees Jesus in Nasaret
se sinagoge Jesaja
61:1-2 voor en verklaar dan 'Hierdie gedeelte uit die Skrif is
vandag vervul
terwyl julle daarna luister.' Die Gees van die Here het oor
Hom gekom en die
Here het Hom gesalf om die blye boodskap te bring. Daarmee
verwys Jesus na sy **formele salwing met die Heilige Gees** met sy
doop, al
was Hy verwek uit die Heilige Gees (Mattheus 1:20). Sy formele
salwing met die
Heilige Gees by sy doop is sy inhuldiging tot sy openbare

bediening nadat Hy 'n gewone skrynwerker in Nasaret was wat sy familie moes onderhou na Josef se dood (Mark 6:3).

Jesus se bediening en sy Godheid word bevestig deur die stem uit die hemele wat gesê het: 'Dit is my geliefde Seun oor wie Ek my verheug' (Mattheus 3:17). Daarmee word die **Drie-eenheid** geopenbaar met die Vader se stem, die Seun wat mens geword het ter wille van ons, en die Heilige Gees wat soos 'n duif op Hom neerdaal om Hom te salf vir sy bediening van God se versoening met ons. Die woorde van God oor sy geliefde Seun weerspieël iets van die verhouding tussen die Vader en die Seun en die Heilige Gees waarvan 1 Johannes 4:8,16 sê: 'God is liefde.' Dat die Vader Hom oor sy Seun se bevestiging verheug, wys dat God bly is dat sy Seun Hom met die mensdom kom vereenselwig het om God se verlossingsplan vir die wêreld te kom deurvoer met sy liefdesoffer van Homself. Na Jesus se eerste aankondiging van sy lyding, dood en opstanding (Lukas 9:22) praat hy en Moses (verteenwoordiger van die Wet) en Elia (verteenwoordiger van die profete) op die berg van verheerliking oor sy uittog wat Hy in Jerusalem tot vervulling sou bring (Lukas 9:31). Toe kom daar weer 'n stem uit die wolk wat sê: 'Dit is my Seun, die Uitverkorene. Luister na Hom.' Hy is uitverkies vir sy uittog om aan die kruis te sterf vir die sonde van die wêreld.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Dié wat die Vader my gee – Francois Malan

Vraag

Katie
vra:

Ek jan
nie onthou waar ek die vers in die bybel gelees het nie. “Die
wat in my
glo EN die wat die Vader my gee....”
Wie is die EN na wie Jesus verwys. Sal graag die teksvers ook
wil weet...

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

Joh
3:27 Jesus se voorloper, Johannes die Doper, het reeds gesê:
'n Mens kan niks
ontvang as dit nie uit die hemel aan hom gegee is
nie.

Jesus
het gesê:

Johannes

6:37: Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom.

Joh 6:39-40 Dit is die wil van Hom wat My gestuur het: Dat Ek van almal wat U My gegee het, nie 'n enkele een verlore sal laat gaan nie, maar hulle op die laaste dag sal opwek. Want dit is die wil van my Vader: Dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo die ewige lewe sal hê... (vgl. Joh 18:9).

Joh

6:44 Niemand kan na My toe kom as die Vader, wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie, en Ek sal hom op die laaste dag laat opstaan.

Joh

6:65 Niemand kan na My toe kom as dit nie deur die Vader aan hom gegee is nie.

Joh

10:29-30 My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie. Ek en die Vader is een.

Joh

17:2 ...sodat Hy aan elkeen wat U aan Hom gegee het, die ewige lewe kan gee.

Joh

17:6 Ek het u Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U

behoort, en

U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord gehoorsaam.

Joh

17:9 Ek bid vir hulle wat U aan My gegee het, omdat hulle aan U behoort.

Joh

17:11 bewaar hulle wat U aan My gegee het in u Naam.

Joh

17:12 Toe Ek by hulle was, het Ek hulle wat U aan My gegee het, in u Naam bewaar.

Joh

17:24 Vader, Ek wil hê dat waar Ek is, hulle wat U aan My gegee het, ook saam met My kan wees....

Die

'trek' van mense deur die Vader geskied wanneer iemand sy eie oordeel laat

staan en hoor en leer by die Vader deur die Vader se woord, in die Bybel, in

die prediking, deur die getuienis van gelowiges, ens. Die trek deur die Vader

geskied nie buite die mens se geloof nie, maar in jou geloof. Geloof is God se

werk in my. Efesiërs 2:8: 'Want uit (God se) genade is julle verlos, deur

geloof. En dit kom nie uit julle self nie; dit (geloof in Jesus) is die gawe

van God. Geloof in Jesus Christus, dat Hy God is wat vir al
ons sonde aan die
kruis gesterf het en nou die Here is wat die seggenskap het
oor ons lewe, is 'n
gawe van God deur die Heilige Gees wat in ons werk en ons
oortuig van ons
sonde, van geregtigheid (dat Jesus ons saak met God reggemaak
het en ons nou
kinders van God is) en van oordeel (as ons nie in Hom glo
nie), vgl. Johannes
14:26; 15:26; 16:8.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)